# STROOM OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL — DERDE UITGAWE 2019



Sien meer op bl. 6

# WÊRELDBEKER-WOEMA!

## LEEFWYSE



Vanjaar se matriekafskeid in September was ʼn aand wat die gaste nog lank sal onthou. Die 99-jaar matrieks en hul metgeselle het in styl opgedaag in deftige en interessante voertuie om só die einde van hul Affie-skoolloopbane te vier. Die sukses van die aand was te danke aan die knap onderwysers en organiseerders en ook die graad 11-span wat as kelners gedien het. (Armand Cremer)

## AKADEMIE



Die musiekdepartement se jaarlikse Lentekonsert aan die einde van Augustus was ʼn ware toonbeeld van musiektalent by Affies. Nege en dertig seuns is gekeur om op te tree en die gehoor kon hul verlustig in ʼn groot verskeidenheid items op elke instrument denkbaar. Rutger Enslin (graad 8) speel *Andaluza* van Granados.

## KULTUUR



Die Vierskolekonsert was van 15 tot 17 September en is vanjaar by Affies aangebied. Sowat 3 200 gaste het na die skouspel kom kyk waar 630 leerders uit die vier skole hul slag op die verhoog gewys het. Die Vierskolekonsert is in 1988 vir die eerste keer aangebied, wat dit vanjaar die 31ste keer maak wat die vier broer- en susterskole hul kultuurtalente kon deel. (Henri van der Westhuizen)

## SPORT



Ses jukskeispanne (dertig Affies) het vanjaar aan die skoleliga deelgeneem. Die o/16A-span het saam met John Vorster in die eerste plek geëindig, terwyl die o/16 B3- en die o/16 B2-spanne onderskeidelik eerste en tweede in hul liga geëindig het.
ʼn Honderd drie en twintig laer- en hoërskoolspanne het vanjaar aan die liga deelgeneem wat oor drie naweke strek.

## LEEFWYSE



Die graad 11's se avontuurkamp was van 14 tot 16 Augustus by die skilderagtige Warthog-Inn net buite Brits. Die groep is getoets en geskaaf deur die terrein en die instrukteurs het tydens ʼn praatjie oor slange ook nie geskroom om die hulp van ʼn swartmamba in te span om die manne se senuwees verder te beproef nie. Met die eeufees-matriekjaar wat voorlê, het dié opwindende kamp beslis eenheid geskep. (Armand Cremer)

# Redaksioneel

Dylan Lee

**1920 in 2019**

In 1920 het 'n 100 jaar sekerlik baie ver gevoel en ek dink dat daardie eerste Affies ook maar net kon droom dat die Afrikaanse Hoër Skool, soos dit tóé bekend was, 'n eeufeesviering sou hê. Ongelooflik genoeg - daar lê nou tussen ons en daardie mylpaal net 'n November-eksamen en 'n Desembervakansie.

Mense vra altyd wat Affies uniek maak en soos dit ons betaam, antwoord ons in nederigheid "ons tradisies". Ek voel egter dat ons die meeste van hierdie tradisies soms as vanselfsprekend aanvaar. Affies het in die derde kwartaal twee vriende uit die noordelike halfrond ontvang wat opgemerk het dat eenvoudige dinge soos om mekaar te groet, jou pet te lig of selfs net vir mekaar op die stoepe te glimlag, vir hulle die meeste uitgestaan het. Die bekende standerd ses-tradisies bly belangrik, maar ek dink dat die tradisies wat vir ons vriende uitgestaan het, saamgevat kan word in een begrip – ons broederskap. Ek hoop daarom dat ons tradisies as die kern van die eeufees gesien sal word, want dít is wat ons skool uniek maak.

Van ons broers moes ongelukkig nou die ou baksteengeboue groet met net die beier van die klok wat die einde van hul skoolloopbaan aangekondig het. Soos wat hulle Redelinghuyspoort verlaat, is dit gelukkig met die wete dat die oud-Affiegemeenskap hul met ope arms verwelkom, sou hulle die samehorigheid van die skool mis. Dié van ons wat agterbly, kry natuurlik weer vroeg in die komende jaar nuwe broers wat ons mettertyd en "met moeite" sal leer "liefkry".

Doktor Edwards het altyd gepraat van "vuurmaakhout vir die oudag" en dit is veral hierdie tyd van die jaar wat almal nostalgies raak en terugkyk op 'n jaar gevul met hoogte- en laagtepunte. Maar soos my oupa sal sê – al wat dit nóú is, is stories. Stories met 'n gemeenskaplike hoofkarakter. Affies.

## Redaksie 2019/2020



*Stroom-op* se nuwe redaksie is onlangs aangewys.
Van links is Dylan Lee (redakteur), Zander van der Merwe (adjunkredakteur: Sport), Henri van der Westhuizen, Waldo Pienaar (adjunkredakteur: Kultuur), Armand Cremer, Albert Retief, Janno Bouwer, Henko Brits, Jonty Bleeker en Marco Arndt.

# My experience with the Afrikaanse Hoër Seunskool



Benjamin Heilein (in die middel voor) tussen sy Affie-vriende

Dear pupils of the Afrikaanse Hoër Seunskool,

I have been asked to give a brief report on my stay at your school, although it turned out to rather be a hymn of praise. But I have to say: Rightly so! Your school is indeed fascinating!

I originally didn't have high expectations concerning your school, knowing that it would be an Afrikaans school and assuming that I wouldn't understand much. I was therefore particularly looking forward to an interesting and unusual weekend programme with my host family.

But in spite of my low expectations, it was the school that made my experience so unforgettable and amazingly interesting. Here I got to know social characteristics among almost all the pupils as well as the teachers, such as kindness, friendliness, sympathy, charity and many more. The interest and cultural openness you had for me was particularly astonishing. In some of the classes I was able to give a brief talk about Germany and answer your many questions about my country. I was able to go from class to class with some of your German and English teachers (as well as my favourite teacher at your school, Mr. Fouché, who was especially kind to me) to give my presentation to different classes.

All of this made me look forward to school on Mondays.
Therefore, apart from your hospitality, which is definitely worth mentioning, I would like to point out nine extra differences between common German schools and your school:

1. We only have **mixed schools** with boys and girls.
2. There are no **assemblies** in regular German schools.
3. We don't wear **school uniforms** and there are not such **strict rules** e.g. regarding hair. (You have kind of other funny **school rules** too!)
4. Reading and Life Orientation are **subjects** we don't have in Germany.
5. The **school system is entirely different** – it is too complicated to try to squeeze it into this short article.
6. There are not that many different **voluntary courses** available at our schools.
7. We unfortunately don't have **Bible groups** yet. (School doesn't end with prayer; no scripture reading.)
8. The younger the pupils are, the more disrespectful they CAN be towards elders; the **respect** with which you treated one another was just unbelievable.
9. German school days are longer and pupils are rarely as **eager** as you. They just don't admit it.

In summary: your school is awesome and thanks to all of you who made my stay such a wonderful experience.

Best wishes
Benjamin Heilein

# Afrikaanse Engelsman kom kuier!




Zander van der Merwe

Pierre Botha, 15 jaar oud, het die afgelope kwartaal vir twee weke uit Engeland, waar hy gebore is, by Affies kom kuier. Hy bly in Bedford in East Anglia en is 'n skolier van Bedford Modern School. Dit is sowat 'n uur se treinrit van Londen af, waar sy pa werk. Pierre wou van kleins af die Affie-leefwyse ervaar, omdat sy ma, tannies en ooms oud-leerlinge van Affies en AHMP is. Hy het tydens sy kuiertjie hier by mnr. Tekkies Barkhuizen en sy gesin tuisgegaan en het elke dag saam met Wernich Barkhuizen klas gedraf. Al het Pierre 'n Engelse aksent, praat hy vlot Afrikaans en is trots op die taal.
Affies was vir hom 'n ervaring. "'n Enkelgeslagskool met 'n koshuis is vir my iets anders en die klasse is ook groter as wat ek gewoond is. Die ouens praat meer in die klas en is beslis 'n bietjie stouter," lag hy. "Julle het vakke soos LO en Rekeningkunde wat ons nie daar het nie. Met Wiskunde is ons dalk so ses maande voor, en die geskiedenissillabus is natuurlik heeltemal anders. Geografie is baie dieselfde as wat ons in Engeland doen.
"Die Affies het my vriendelik ontvang. Van die ouens het my hand kom skud en hulleself kom voorstel. Hier is 'n 'sense of community' wat eiesoortig is en wat my baie tuis laat voel het. Ek het die rugbywedstryd teen Waterkloof bygewoon en kon beleef hoe almal op die pawiljoen saamstaan en hul skoolspan ondersteun.
"Ek het wel soms die sagte groen plantegroei van Engeland gemis en ook die vryheid en veiligheid wat ons geniet. Ons ry dikwels in die donker van ons vriende af huis toe met die fiets," vertel hy.

## Rokkies wil hy dra...



Groot moeilikheid afgeweer! Kiané Steyn, Stephani Schoeman en Eduardia Joynt is verlig omdat hulle ongeskonde van die rooi tapyt in juffrou Marna se kantoor af is.

# ‘N NUWE LEWE VIR DIE APPELKAS!

Jonty Bleeker



Van ‘n appel tot ‘n stronk tot ‘n kas wat leegstaan! Wat gaan aan by die Appelkas, wil die honger koshuiskinders weet!

Die Appelkas en tennisklubhuis word tans herbou en aangepas om meer funksioneel en veeldoelig te wees. Die nuwe kompleks sal oor ‘n onthaalruimte, persgalery, aankondigerbank asook ‘n pawiljoen beskik, met ‘n uitsig oor die A-veld en tennisbane. Affies sal dan makliker kan regstaan vir groot sportbyeenkomste soos die wedstryd teen Grey Kollege of die Cravenweek wat op TV gebeeldsend word. Die projek word gedeeltelik befonds deur die Affie 100 Fonds Trust.

Die bouwerk aan die oorspronklike Appelkas, sowel as die kleedkamer onder die hoofpawiljoen het in 1972 begin en is op 9 Oktober 1973 ingewy. Daar was voorstelle om die kompleks na Affies se vierde hoof, mnr. J.D.V. Terblanche te vernoem, maar hy wou niks daarvan weet nie. Dit het die seuns egter nie gestuit nie en hulle het die gebou die Appelkas gedoop, aangesien sy bynaam “Appel” was.

# Pannevisplein ingewei

Albert Retief



Die Affie 100 Fonds Trust het op Saterdag 7 September een van hul eerste voltooide projekte, Pannevisplein, amptelik ingewy. By hierdie geleentheid was lede van die beheerliggaam, trustees van die Fonds en dr. Pierre Edwards teenwoordig.

Dr. Edwards het oudergewoonte eers ‘n bietjie meer oor die geskiedenis van Huis Pannevis, vroeër Seunstehuis, vertel. “Dié deel van die gebou is jare gelede ter wille van ekstra ruimte toegebou. Dit was oorspronklik die ingang na die sitkamer en eetsaal,” het dr. Edwards gesê. Die ingang na Huis Pannevis is nou argitektonies herstel deur die oorspronklike ingang aan die westekant van die gebou oop te maak en nuwe plaveisel te lê.



Dr. Pierre Edwards en mnr. Bernard du Plessis (stigter en voorsitter van die Affie 100 Fonds Trust) tydens die inwyding van Pannevisplein.

## Welkom!



Mnr. Ryno van der Merwe (‘n oud-Matie) is aan die begin van die laaste kwartaal as nuwe rugbyhoof by Affies aangestel. Hy was self ‘n kranige rugbyspeler en het uitgedraf vir die Griffons, WP, Grens, Vrystaat, SWD Arende en die Cheetahs.



Me. Chrisna de Jager het al voorheen by Affies uitgehelp en is van die begin van die vierde kwartaal af weer by die Geografiedepartement werksaam.

# *Meer as ‘n das*

Waldo Pienaar

Die leisels van die Affie-ossewa is in die derde kwartaal aan ‘n nuutverkose Affieraad oorhandig. Dié manne sien uit om die Affie-gemeenskap in die komende eeufeesjaar te dien.

Die groep het kort na die verkiesing op ‘n kamp vertrek, waar hulle veral op projekbeplanningsvaardighede gefokus het. Die Affieraad hoop om in die komende jaar meer verantwoordelikheid vir die projekte en take van die onderskeie komitees te aanvaar. Volgens me. Martina de Vos (Affieraadvoog) is dit haar droom dat die Affieraad meer as net ‘n das of ‘n groen baadjie sal wees – dat hulle werklik diensbaar sal wees en sal help om die skool in die regte rigting te stuur.

“Daar is ook besluit op die hoofdoelwit vir hul dienstermyn: Begin by die begin – doen net die gewone, basiese dinge reg en aanvaar verantwoordelikheid vir dít waarvoor ons staan soos om byvoorbeeld te groet en respek te hê vir ander,” sê sy.

Soos gebruiklik, is die hoofseunkandidate by die kamp genomineer, waarna die lede van die dagbestuur en ook die nuwe hoofseun, Reinhardt Ludwig, by die skool aangewys is.

Reinhardt onthou: “As jong, blinkoog-graad-aggie in 2016, sal ek nooit dr. Edwards se woorde vergeet nie: ‘Manne, julle moet vuurmaakhout vir die oudag bymekaar maak.’ Die eeufeesjaar gaan ‘n jaar wees waarin ‘n eeu se staaltjies, herinneringe, drome en hartseer gedeel gaan word,” sê hy. “Dit is ‘n voorreg om deel te wees van die eerste Affieraadsgroep wat saam met Affies se nuwe hoof, mnr. Peregrine Joynt, die skool se tweede eeu van bestaan inlui.”



Die hoofleiers vir 2019/2020 is Jewyk Pretorius (onderhoofseun: Dissipline), Willem Smit (onderhoofseun: Sosiaal), Reinhardt Ludwig (hoofseun), JP Wenzel (onderhoofseun: Sport) en Reuben Coetzer (onderhoofseun: Kultuur).

# Ruben op verhoog by Liefde by die dam



Perkussiespeler Ruben Radyn (graad 11) het in Augustus die voorreg gehad om saam met Coenie de Villiers en Mauritz Lotz op te tree by die Liefde by die Dam Musiekfees. Op die foto is hulle afgeneem tydens ‘n repetisie by die Affie Kunstekampus. Van links is Adrian Rae (‘n student) op bas, Coenie de Villiers, Ruben Radyn (drumkit) en Mauritz Lotz met sy kitaar.

# PW BESOEK NASA EN MAAK PLANNE VIR MARS

PW van der Westhuizen (graad 12) was in Augustus een van 53 studente van reg oor die wêreld wat moes help planmaak om 'n bemande ruimtetuig op die oppervlak van die planeet Mars te kry. Hy en een ander jong Suid-Afrikaner (Henré Jacobs van Montana Hoër in die Kaap) is deur die Foundation for International Space Education gekies om 'n interdissiplinêre ruimteprogram by NASA in die VSA by te woon.

Onder leiding van ingenieurs, wetenskaplikes en leiers in die ruimtelugvaartbedryf moes die studente hul eie bemande missie na Mars beplan.

"Met ons aankoms is ons in vyf spanne ingedeel, elk met sy eie mentor," vertel PW. "Die spanne het mekaar ondersteun wat betref die ontwerp, beplanning en die bou van die nodige toerusting om die missie te voltooi.

Ek was in die Maroenspan en ons taak was om 'n stelsel te ontwikkel waarvolgens die bemanning en toerusting van die "transit vehicle" (of klein ruimtevoertuig) tot op die oppervlak van Mars kan kom. Die Rooispan moes op hulle beurt hierdie klein ruimteskip ontwerp, terwyl die Blouspan die oppervlak op Mars moes ondersoek. Die Groenspan moes 'n habitat ontwerp waar die bemanning gesond en fiks kan bly om hul werk te doen.

"Ons was twee weke in Houston, Texas en het ons werk en navorsing by die Universiteit van Clear Lake gedoen. Die hoogtepunt was ons besoek aan "Mission Control" by die Lyndon B. Johnson Space Center by NASA. Dit is die sentrum waarvandaan alle opleiding, navorsing en vlugbeheer vir menslike ruimtereise in die VSA gedoen word. Dit is 'n reuseorganisasie met sóveel uiteenlopende mense wat daar werk – van skoonmakers tot skubaduikers wat die ruimtevaarders byvoorbeeld help met opleiding in gewigloosheid.


"Ons het almal by gasheergesinne gebly en ek is gehuisves deur die vriendelike Mark en Julie van de Hei. Julie is 'n onderwyseres en Mark 'n ruimtevaarder wat al op 'n ekspedisie was na die internasionale ruimtestasie. Hier was hy op twee "space walks" om onderhoudswerk aan die stasie te doen.

"Nóg 'n voorreg was om ander jongmense vanoor die wêreld te ontmoet wat dieselfde belangstellings as ek het. Die seun van Rusland was ongelooflik goed in fisika en die een van Kazakstan geniaal in wiskunde. As Suid-Afrikaner kon ek 'n bydrae lewer wat chemiese probleme betref en moes onder andere uitwerk wat die hoeveelheid waterstof is wat nodig is om tot op die oppervlak van Mars te kom.

PW hou baie daarvan om met enjins te werk en hoop om volgende jaar meganiese ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria of by die Universiteit van Twente in Nederland te studeer. 'n Groot droom is natuurlik om uiteindelik 'n werkie by NASA los te slaan!



PW sit met sy Affie-hoedjie tussen Bayzhan van Kazakhstan, Petr van Rusland, Ian van Nederland en Benjamin van Frankryk. Agter hulle is die vaartuig van Apollo 18.



Vir die diplomaplegtigheid het PW sy Affie-klere gedra.



Die twee Suid-Afrikaners by die Universiteit van Clearlake, na 'n lesing oor die samestelling en materiaal van 'n ruimtepak.

## Dinkers, nie sinkers!

Marco Arndt



Een van Affies se senior debatspanne het vroeg in Oktober koning gekraai in die finaal van die Dink-of-sink-kompetisie. Reuben Coetzer, Henri van der Westhuizen en Adriaan van Wyk (foto bo) se opponente was die span van Paul Roos Gimnasium - verlede jaar se wenners. AHMP het op hulle beurt in die junior afdeling met die louere weggestap.

Tien Affiespanne (vyf senior en vyf junior) het aanvanklik ingeskryf en aan die eerste rondte by die Hoërskool Montana deelgeneem. Spanne kry slegs vyf minute om hul argumente agtermekaar te kry. In die junior afdeling het Juan Schoeman, Erik van der Merwe en Gerhard van Wyk tot in die semi-finaal gevorder. Daar het hulle ongelukkig teen 'n span van Helpmekaar Kollege vasgeval.

## Blitsige breine in Afrikaanse vasvra

Zander van der Merwe





AHS het puik gevaar in die eerste Netwerk24 Junior Blitsbreinkompetisie. Joshuan du Toit (eerste) en Markus Nel (tweede), albei in graad 9, was nasionale wenners van die graad 8- en 9-afdeling. Die twee is huis toe met prysgeld van onderskeidelik R10 000 en R7 500! Die skool het ook by hul slimmigheid gebaat en het R17 500 ontvang!

In die Gauteng-rondte was Markus Nel die beste junior, terwyl Zander van der Merwe derde in die senior afdeling was. Die ander provinsiale finaliste was Joshuan du Toit en Geordan Beattie.

Netwerk 24 bied hierdie kompetisie vir hoërskoolleerders in samewerking met *Die Burger, Beeld, Volksblad* en Via aan. Dit toets deelnemers se algemene kennis en word slegs in Afrikaans aangebied.

## Olimpiades

***Natuurwetenskap Olimpiade – Graad 9***

Op 14 Mei neem Marx Nel en Mikail Köhler deel aan die eerste rondte van die Wetenskap Olimpiade. Hulle dring albei deur na die distriksfinaal op 23 Julie, waar Marx Nel 'n tweede plek behaal. Hy dring deur na die provinsiale finaal.

***Natuurwetenskapvasvrae vir graad 8's***

George Gie, Stephan Ehlers en Gustav Bond het die skool verteenwoordig in die eerste twee rondtes van die Distriksvasvra. Hulle het in die tweede rondte derde geëindig.

***Wetenskap Expo***

Gauteng-Noord Wetenskap Expo was in Augustus by UP en Henk Daling (graad 10) en Guihan Mouton (graad 10) het in die programmeringsuitdaging goue medaljes verower. Gustav Botha het 'n prys van die SA Akademie gewen vir die gebruik van Afrikaans as wetenskaplike taal. Naudé Lourens het die Botaniese Vereniging se prys ontvang vir die beste projek oor bewusmaking van omgewingsbesoedeling.

***Afrikaans Olimpiade***

Jan Wiese (graad 10) en Craig Kleingeld (graad 12) was in die Afrikaans Olimpiade onderskeidelik tiende en twaalfde in Gauteng.

***Wiskunde Olimpiade***

De Wet Groenewald (graad 9) en Adriaan du Toit (graad 11) het die derde rondte van die Wiskunde Olimpiade gehaal.

***Engels Olimpiade***

Werner Ahrens het goud in die Engelse Olimpiade verwerf – 'n eerste vir Affies.

Geordhan Beattie, Waldo Pienaar, Nicolaas van der Merwe, Ebert Matthee en Hermann van der Westhuizen het almal silwer ontvang.



Van links is Jan-Danië Naudé, Craig Kleingeld en Dylan Lee

2019 was weereens 'n puik jaar vir die toneelgeselskap wat hulle talente kon ten toon stel in hul produksie, *Aksie!* deur Johann Smith. Die toneelgroep het baie in 'n kort tyd vermag en gehore van oral vermaak. Dit is danksy 'n briljante skrywer, stelontwerper, bekwame regisseurs en passievolle akteurs en tegniese assistente. Na maande se harde werk kon die Affies wys waarom hulle een van die voorste toneelgroepe in die land is.

Die kompetisiejaar het 'n aanvang geneem met die FAK Allegretto Toneelfees by Hoërskool Hugenote. Hier het Affies derde uit die stryd getree en is Reinhardt Prinsloo as die beste akteur in 'n hoofrol aangewys.

Die Affie-Artes het ook 'n speelvak gebied en hier is *Aksie!* deur Adriana Faling as die beste toneelproduksie aangewys.

In Julie het die groep aan die Eldo Toneelfees by Hoërskool Eldoraigne deelgeneem. Nie net het die Affies hier geseëvier nie, maar hulle het ook met verskeie toekennings weggestap. Dit is opgevolg deur 'n optrede in die Atterburyteater in die semi-finale rondte. Met hul goeie vertoning hier het hulle 'n plek in die finaal van die Aardklop Pronk Podium-kompetisie in Potchefstroom losgeslaan. Uiteindelik eindig die Affies tweede uit meer as 50 produksies, terwyl die tegniese span die prys vir die beste tegniese versorging wen. Craig Kleingeld word as beste akteur bekroon.

By die ATKV Tienertoneelkompetisie het die groep ook uitstekend gevaar en het in die streeksfinaal derde geëindig. 'n Paar dae later is *Aksie!* as een van die top 15 toneelstukke uit meer as 200 produksies landswyd aangewys. Affies dring dus vir die derde jaar agtereenvolgens na die finaal van dié kompetisie deur en het op 27 September in die Adam Small-teater in Stellenbosch opgetree. Hier ontvang die geselskap 'n hele paar prestige nominasies en Reinhardt Prinsloo stap weer met die louere as beste akteur weg.

# Redenaars – nóg 'n Affie-kultuurvlagskip

Armand Cremer

Affies maak vanjaar weer hul stem dik met Waldo Pienaar, Katlego Molakeng en Guido Bieseman (foto's regs) wat na die finale rondte van die ATKV Redenaarskompetisie deurgedring het. Katlego het 'n eerste plek ingepalm in die afdeling vir addisionele taal- en Waldo 'n vierde plek in die afdeling vir moedertaalsprekers.







Die span van Armand Cremer, Waldo Pienaar, Henri van der Westhuizen en Zander van der Merwe het in Oktober op hulle beurt as nasionale wenners van die Radikale Redenaarskompetisie uit die stryd getree.

Die gladdebekke se sukses voor die beoordeelaars is te danke aan vasberade en talentvolle sprekers wat pligsgetrou oefen, sowel as kwaliteitafrigters.


Armand Cremer, Zander van der Merwe, Henri van der Westhuizen en Waldo Pienaar.

# AHS en Boys High domineer by Il Vento-kompetisie


'n Paar van die Affie-deelnemers reg vir aksie by die Il Vento-kompetisie. Agter is Stefan Venter, Wentzel Lotriet, Marnich Visser en Janno Bouwer. Voor sit Kevin King, Ben van Zyl en Devon Marneweck.

Die sesde Il Vento Nasionale Kompetisie vir Stryk-, Hout-, Koperblaas- en Perkussie-instrumente het die vakansie plaasgevind. Dertig jong musikante het van heinde en verre opgedaag om mekaar op die verhoog die stryd aan te sê. Volgens mnr. Floris Smith was die standaard vanjaar besonder hoog en moes die beoordelaars behoorlik kopkrap om die finaliste en wenners aan te wys. Brendon de Beer (klarinet) en Christof Joubert (tjello), albei van Boys High, was onderskeidelik eerste en tweede in die senior afdeling. Affie Niel Smith (graad 11) het met sy saksofoon 'n derde plek behaal. In die junior afdeling was die violis Markus Taljaard van Boys High eerste en Affies Ben van Zyl (perkussie) en Rohan Grobbelaar (saksofoon) onderskeidelik tweede en derde. Sewentien Affies het deelgeneem waarvan ses die derde rondte gehaal het.

# Steeds die voorste debatskool!

Marco Arndt



Die finaal van vanjaar se ATKV-debatskompetisie het op 3 Augustus by die Goudini Spa plaasgevind en Gerhard van Wyk, Juan Schoeman en Erik van der Merwe (almal in graad 9) is as die beste junior span in die land aangewys. In die senior afdeling behaal Ian McDonald en Adriaan van Wyk 'n derde plek en Christiaan Snyman en Jan Wiese eindig vierde. Altesaam ses Affie-spanne was vanjaar by die finaal en almal moes heelwat ekstra ure insit om splinternuwe onderwerpe vir dié geleentheid onder die knie te kry.

Erik van der Merwe, Juan Schoeman en Gerhard van Wyk saam met hul afrigter, dr. Gustav von Bratt, by Goudini Spa

# Artes lok (letterlik) duisende deelnemers

Henri van der Westhuizen

Daar het vanjaar meer as 3 000 seuns en meisies aan die Affie Artes (1 175 van AHS en 1 842 van AHMP) deelgeneem. Daar is kategorieë vir feitlik elke kultuur-aktiwiteit waaraan jy kan dink - dans, drama, debat, sang, kuns en nog vele meer. Die gewildste aktiwiteit is steeds die potjiekoskompetisie, met die vierkantkuns kort op die hakke daarvan. Die gala-aand op 13 Augustus was 'n feestelike geleentheid wat die beste van Affie-kultuur ten toon gestel het. Franco Cillié en Henri van der Westhuizen was vanjaar onderskeidelik die Junior en Senior Victor Artium.

Dié groep graad 11's op die foto regs het in die dansafdeling presteer met 'n baie unieke uitvoering op die maat van die liedjie "Old Town Road". Van links is Ricaldo Stiglingh, Henri van der Westhuizen, Adriaan van Wyk, Herman van der Westhuizen, Bertus Strauss, Armand Knoetze en Meent Borcherds.




# OUD-AFFIE RG "FENOMENAAL" BY WÊRELDBEKER

Oud-Affie RG Snyman het die skool trots gemaak by die Rugbywêreldbekertoernooi.

Hy is in die wedstryd teen Kanada as Speler van die Wedstryd aangewys en het ook sy eerste drie as Springbok in hierdie wedstryd gedruk.

Springbokafrigter Rassie Erasmus het sy spel as "fenomenaal" beskryf en gesê RG het altyd gesoek na geleenthede om die bal in kontak uit te gee. "Hy het 'n goeie balans in sy spel gehad en dit is waarom hy altyd in ons drie en twintigtal is."




Skets gebruik met die goedgunstige toestemming van Beeld, 5 Oktober 2019

# 'n Affie in die US Marines – 'n eerste!

Janno Bouwer

Eric Sherman (matriek 2018) is waarskynlik die eerste oud-Affie in die US Marine Corps en het van sy ervarings met *Stroom-op* gedeel.

***Hoe was dit vir jou as 'n Suid-Afrikaner moontlik om by die Marine Corps aan te sluit?***

Ek is in Amerika gebore en het daarom Amerikaanse burgerskap. My ouers het na my geboorte teruggetrek Suid-Afrika toe.

***Was dit nog altyd jou droom om in die weermag, en spesifiek die Marines, te wees?***

Ek het altyd na dié lewe in flieks gekyk en gedink dat dit iets is wat ek eendag sal wil doen. Ek was na skool nie lus vir 'n suiwer akademiese rigting nie en het besef dat dit 'n ideaal is waarvoor mens baie hard moet werk en dat dit 'n groot eer is om daarvan deel te wees.

***Was jou pa of enige familielid in die weermag?***

Nee, geen naby familielede was in die Suid-Afrikaanse weermag nie. My pa het my egter altyd vertel van sy oom wat deel was van die "Recces" (Spesiale Magte in die ou Suid-Afrikaanse weermag).

***Wat sluit die keuringsproses in?***

'n Mens skryf die Armed Services Vocational Aptitude- of ASVAB-toets wat basies bepaal wat jou sterk- en swakpunte is en wat jou potensiaal vir sukses in die Marine Corps is. Anders as wat mense dink, gaan die Marines nie net oor skiet en oorlog nie, jy kan byvoorbeeld ook 'n geoktrooieerde rekenmeester word of in die voorsieningsketting werk.

***Watter buitemuurse aktiwiteite (sport/kultuur) het jy by Affies beoefen?***

Ek het rugby gespeel - in matriek vir die Witbulle. Ek het ook van graad 8 tot matriek aan atletiek deelgeneem en krieket gespeel. Die sokker by die koshuis was seker die lekkerste en ek mis dit steeds.

***Wat mis jy die meeste van Suid-Afrika?***


Ek mis die Suid-Afrikaanse mense, my familie en vriende baie – die Amerikaners is soms ook maar eienaardig. Ek mis ook die biltong en braai (want hulle braai mos nie rêrig in Amerika nie)! Ek hoop dat ek hierdie Desember drie weke kan afkry om vir my mense in Suid-Afrika te gaan kuier.

***Wat waardeer jy die meeste van die VSA?***

Dis baie skoon en mense respekteer mekaar, veral as hulle weet jy is deel van die Marine Corps. Mense in Amerika het groot dankbaarheid teenoor en bewondering vir alle lede van die weermag.

***Waar in die VSA is jy gestasioneer?***

Op die oomblik is ek in San Diego, Kalifornië. Ek is nog besig met my



"Reconnaissance Training" wat oor so twee jaar voltooi sal wees – dit is spesiale magte-opleiding om 'n "Navy Seal" in die Marine Corps te word. Ek kan dalk Japan of Hawaii toe uitgeplaas word, óf net bly waar ek nou is.

***Hoe lank duur die opleiding om 'n Marine te word?***

Dit neem sowat drie maande om 'n gewone Marine te word. Jy doen dan 'n "bootcamp" waartydens jy geen kontak met die buitewêreld het nie. Jy kan briewe kry, maar daar word geen selfone toegelaat nie. Jy kan jou familie ook eers na die drie maande sien. Die ervaring is 'n bietjie soos jou eerste treë by Affies en help jou om jou lewe reg te ruk. Dit gee jou rigting en dit maak vir jou deure oop. As iemand die geleentheid kry om 'n Marine te word, sal ek hul beslis aanmoedig - dit sal jou lewe beter maak.

# Willem woeker met leer

Guido Bieseman



As jy 'n besonderse handgemaakte beursie, handsak, of 'n rugsak begeer, hoef jy nie baie ver te soek nie. Willem Pretorius (graad 12) kan in dié behoefte voorsien.

Willem het in sy graad 9-jaar 'n stuk leer by sy kamermaat gekoop om 'n handvatsel vir 'n swaard te maak. Hy het besef dat daar in die mark 'n tekort is aan egte handgemaakte leerprodukte en het begin eksperimenteer met items soos beursies, gordels en handsakke. Aan die einde van 2016 is hy gevra om as afskeidsgeskenk beursies vir die hoofleiers en die hoof te maak.

Ná 'n hele wetlike proses, is Mauser Leerprodukte as sy eie handelsmerk geregistreer. Die naam Mauser verwys na die geweer waarmee die Boere in die Anglo Boere-oorlog geveg het en met produkname soos "Nooitgedacht" en "De Magersfontein" wil hy die Afrikaanse kultuur en geskiedenis help bewaar.

Willem gebruik geen masjiene wanneer hy sy produkte maak nie en doen alles met die hand. "As gevolg van te min tyd het my produksie in my matriekjaar 'n bietjie afgeneem," sê hy, "maar ek hoop om volgende jaar heelwat meer tyd in my besigheid in te sit."

# 'n Das wat netjies pas

Albert Retief

Op 28 Januarie 2020 word die Afrikaanse Hoër Seunskool 'n honderd jaar oud. Om hierdie groot mylpaal te vier, is 'n spesiale eeufeesdas ontwerp wat volgende jaar op Vrydae gedra kan word.

Die dasse is reeds te koop en daar is al meer as 700 dasse van die hand gesit.

Op die foto regs is Guido Bieseman (graad 12) met die nuwe das wat teen R200 by die finansiële kantoor gekoop kan word.



# Piet Grobler wen drie musiekkompetisies

Janno Bouwer

Piet Grobler (matriek 2017) het in Oktober die Sentraal Musiekakademie Nasionale Kompetisie in Bloemfontein gewen. Hy was ook algehele wenner van die Philip H. Moore Musiekkompetisie, einde Augustus. Piet is 'n tweedejaarstudent in Ingenieurswese aan UP. Hy ontvang steeds onderrig in saksofoon by Affie-musiekonderwyser, mnr. Floris Smith.

Piet was vroeër vanjaar óók in die nuus toe hy die afdeling vir universiteite by die Grahamstad Musiekompetisie gewen het.



Piet Grobler by sy musiekonderwyser, mnr. Floris Smith.

# SWIERIGE MATRIEKAFSKEID













## Tot wedersiens, matrieks van 2019!









## Wildsfees



Die Wildsfees in Augustus het waarlik iets vir almal gebied. Vir die smulpape was daar kos in die lapas en ook hope lekkernye by die Affie-werf se stalletjies, terwyl die avontuurlustiges die pretpark kon besoek. By die snuffelmark of op die veiling kon jy jouself of iemand anders met 'n geskenk bederf. Die wenners van die Orkes-koppekap het om vyfuur begin musiekmaak en die aand is afgesluit met 'n vertoning van die gewilde Spoegwolf.

## 'n *Oop hand* vir ander




Gee-week was van 7 tot 11 Oktober en vanweë die Affie-gemeenskap se vrygewigheid, kon Laerskool Generaal Nicolaas Smit drie bakkievragte vol broodnodige produkte kom oplaai.

# UITSTAANDE AFFIES BELOON



CRAIG KLEINGELD
Dux-leerder vir 2019

Die skool se toppresteerders is op 9 Oktober tydens die jaarlikse prysuitdeling beloon vir hul prestasies die afgelope jaar. Craig Kleingeld is aangewys as die skool se Dux-leerder vir 2019. Jacques-Lois du Toit is Sportman van die Jaar en Rynhard van Zijl Kultuur Victor Ludorum. Leighton Ferreira ontvang die Leierskapstrofee en Philip Blignault deel die Alsydigheidstrofee met LT de Jager. LT ontvang ook die Ambassadeurstoekenning. Ntando Mahlangu bereik die Hoogste Sportprestasie van die Jaar en Braham van der Walt word as die Ideale Affie aangewys. Volle erekleure is aan agt Affies toegeken. Hulle is Eduard Joynt, Christian Kamffer, Braham van der Walt, LT de Jager, Craig Kleingeld, Louw Prinsloo, Rynhard van Zijl en Adolph Visser.



NTANDO MAHLANGU
Hoogste Sportprestasie van die Jaar



LT DE JAGER
Ambassadeurstoekenning en Alsydigheidstrofee



JACQUES-LOIS DU TOIT
Sportman van die Jaar



PHILIP BLIGNAULT
Alsydigheidstrofee



RYNHARD VAN ZIJL
Kultuur Victor Ludorum



LEIGHTON FERREIRA
Leierskapstrofee



BRAHAM VAN DER WALT
Ideale Affie

## VOLLE SKOOLEREKLEURE



Eduard Joynt



Christian Kamffer



Braham van der Walt



LT de Jager



Graig Kleingeld



Louw Prinsloo



Rynhard van Zijl



Adolph Visser

# Amerikaanse koorleiers besoek Affies



Lede van die American Choral Director Association het tydens hul besoek aan Suid-Afrika by Affies 'n draai gemaak. Mnr. AJ Maree het hulle rondgewys en meer van die skool en sy geskiedenis vertel. "Die veelsydigheid van die seuns sowel as die onderwysers en hul betrokkenheid by mekaar het die gaste beïndruk," sê mnr. Maree. "Ook die feit dat die seuns respek het vir hulself en ander."

# Kaalvoetdag



Met die vrolike Kaalvoetdag op 18 September is daar R4 300 vir liefdadigheid ingesamel.

# KORTLIKS

### NTANDO MAHLANGU

het onlangs die rekords van die T61 200 m en 400 m by die Bayer Uitnodigingsbyeenkoms in Leverkusen, Duitsland, verbeter.



### CHRISTIAAN DU TOIT

(graad 11), Björn van Wyk (graad 11), Quewin Nortjé (graad 10) en Keanu Peters (graad 10) is gekies is vir die Blou Bulle se sewesspan.

### JACQUES BODE

(graad 10) het gekwalifiseer vir die Afrika-stoeikadetspan (15/16/17-jariges) wat in Februarie 2020 aan die Afrika-kampioenskap in Algerië gaan deelneem

### WIANDRÉ VAN DEVENTER

is ingesluit in die o/16 provinsiale jukskei-streekspan, die Suid-Afrikaanse nasionale span en die Suid-Afrikaanse span wat in Namibië getoer het. Hy is ook aangewys as die speler wat die beste vordering getoon het.

### CAREL OLIVIER

is gekies vir die o/19 provinsiale jukskeispan. Hy het in Augustus as lid van die O/19 SA Akademiespan in Lesotho deelgeneem en is benoem as die Speler van die Jaar.

### MAARTEN VAN ASWEGEN

is gekies om Suid-Afrika te verteenwoordig in 'n sokkerwêreld-uitnodigingspan wat in die VSA gaan deelneem. Hy is een van slegs 15 seuns wat deel is van dié o/19-span, al is hy nou eers 17.



### ADRIAAN VAN WYK

(graad 11) het sy joernalistieke buiging gemaak met die artikel "Wat as die drukkoker kraak?" wat onlangs in Maroela Media se rubriek JongStemme geplaas is.




### MARTIN KRUGER

(graad 11) se hip-hop-groep Legacy het 'n "ultimate gold" verower by die Suid-Afrikaanse been van die "American Dance Association". Daarmee kwalifiseer hulle om Suid-Afrika volgende jaar in Orlando te verteenwoordig.

### DYLAN LEE

(graad 11) het 'n vierde plek in die Beeld-skryfkompetisie behaal. Op die foto is Dylan en me. Andriëtte Jacobs.



### AD KOTZE

(graad 11) het vanjaar aan die *Beeld* wiskundekompetisie vir hoërskole deelgeneem en uitstekend gevaar. Hy het in die graad 11 tot 12-afdeling teen goeie wiskundiges van regoor die land deelgeneem en derde geëindig. Die uitdunrondte was by AHS en die tweede rondte by Hoërskool Florida in Johannesburg.

### JULIAN ENGELBRECHT

(graad 10) het op 22 September 'n derde plek behaal in die musikale kategorie van die Kids Talent Festival se Grand Finale wat by die Atterbury Teater plaasgevind het. Hierdie kompetisie, vir alle musikante, sangers asook dansers, lok jaarliks die beste jong kunstenaars tussen die ouderdomme van 5 en 25.



### ATTERBURY NASIONALE KLAVIERKOMPETISIE

Nie minder nie as vier Affies is vanjaar gekeur om aan die Atterbury Nasionale Klavierkompetisie deel te neem. Hulle is Tobias Combrinck (graad 8), Rutger Enslin (graad 8), Matthiam Diedericks (graad 10) en Julian Engelbrecht (graad 10).

### FAK POORT SKRYFKOMPETISIE

André de la Port (graad 12) was met sy poësie eerste in die FAK Poort skryfkompetisie en Reinhardt Prinsloo (graad 11) derde. Gareth Lubbe (graad 12) was op sy beurt derde in die prosa-afdeling.

# SUKSESVOLLE KRIEKETSEISOEN KOM TOT 'N EINDE

Henko Brits

Affies se eerste, tweede en derde krieketspanne, sowel as die o/15A- en B- en o/14A- en B-spanne moes einde Oktober die lang pad Bloemfontein toe aandurf, maar het groot sukses behaal deur ál hul wedstryde teen Grey Kollege te wen.

Dit volg op 'n besige Oktobervakansie, met al die A-spanne wat op toer was. Die eerstes was na die Michael-mas-week in Durban, terwyl die o/15's na Grey PE gereis het. Die o/14's was op hulle beurt in KwaZulu-Natal by die Charl van Rooyen-week. Die spanne het gemengde sukses behaal, met reën wat orals die grootste sê in die wedstryde gehad het.

Die krieketspanne het egter al vroeg in die derde kwartaal begin oefen en ligawedstryde gespeel. Van die skole waarteen hulle kragte gemeet het, was Hoërskole Centurion, Waterkloof, Garsfontein en Menlopark. Die Witkolwe het die meeste van hul wedstryde gewen, maar vasgeval teen Hoërskool Waterkloof. Die o/15 A-span het Hoërskool Centurion met 8 paaltjies geklop, maar moes met 37 lopies teen Hoërskool Waterkloof die knie buig.



Foto: Mnr. Billy Brown

In die eerste week van die nuwe kwartaal het Koshuis en Dorp (foto bo) mekaar oudergewoonte die stryd aangesê. Die Dorpies het eerste gekolf en na 'n wankelrige begin, 'n kompeterende telling van 167/8 op die telbord gesit. Koshuis het goed begin, maar later vinnig paaltjies verloor en Dorp het hulle uiteindelik met 152/9 in 20 boulbeurte beperk. Dorp het dus (weereens) die Swart Dood oorwin – genoeg gesê!

## Skool "champs"!

Affies se Tennis Skoolkampioenskap het in September plaasgevind. Jan-Johan Beukes (graad 10) en Jean Badenhorst (graad 9) was onderskeidelik die senior en junior wenners.


Foto: Mnr. Billy Brown

Jan-Johan Beukes


Foto: Mnr. Billy Brown

Jean Badenhorst

## Graadgees bó by Affie-letics

Henri van der Westhuizen

Affies se jaarlikse interne atletiekbyeenkoms in Augustus was weer 'n hoogtepunt op die skoolkalender. Of dit naellope, hekkies, velditems of aflosse was, al wat leef en beef het met groot geesdrif deelgeneem. Dié geleentheid is uniek, want die atlete kry 'n kans om hul vere reg te skud vir die Engelse atletiekseisoen, terwyl die onderskeie grade teen mekaar kompeteer om te wys wie die beste gees het. Dit was vanjaar die graad neges wat met die louere weggestap het - nie net vir die beste gees nie, maar ook vir die beste dirigentegroep.


Layton Horn, Dean Maree en Julian Potts



Foto: Mnr. Billy Brown

Bernard Pieters (graad 9) wys sy slag in gewigstoot


Die "minions" doen ook hulle deel.


Luke Dreyer (graad 9) spring hoog.

## *Wie gaan die "fight" wen, volume 2*

Marco Arndt

Na die wye reaksie wat "Wie gaan die fight wen" in 'n vorige *Stroom-op* ontlok het, het die redaksie besluit om 'n tweede meningspeiling te doen. Tien Affies se opinies is gevra.

**RONDTE 1: *DIE "NEWBIES"*** ***ROSSOUW VS DREYER***

In rondte 1 lyk dit of die guns aan mnr. Rossouw se kant lê met 7 stemme teenoor 3. 'n Spanlid in graad nege wat eerder anoniem wil bly, sê hy moet ongelukkig erken dat mnr. Dreyer nie aldag tydens oefeninge by die krieketseuns kan byhou nie.




**RONDTE: 2 *DIE WETENSKAP-ONNIES*** ***FERREIRA VS KING***

Dié twee stap elk weg met vyf ondersteuners, maar Pierre Arndt (graad 12) glo vas dat me. Ferreira, ons eie ystervrou, as wenner uit die stryd gaan tree.




**RONDTE 3: *DIE EGPAAR*** ***JACOBS VS JACOBS***

Mnr. en me. Jacobs is ook kop aan kop met vyf stemme elk. Ignus Ferreira (graad 8) sê egter mnr. Jacobs mag dalk groot en sterk wees, maar me. Jacobs sal hom onderkry met haar vlymskerp taalgebruik en dié kragmeting met gemak wen.





Die graad 8-dirigente in aantog!

# Affie-fietsry 'n sukses-verhaal

Jonty Bleeker




Twaalf fietsryers in twee spanne het Affies se naam in die vakansie hoog gehou by die nasionale kampioenskap vir bergfietsry wat by Hoërskool Wagpos gehou is. AHS se span was vierde in die seunsafdeling.

Dit is vanjaar ook die vierde keer dat die skool onder die top vyf in die land eindig.

Ivan Visser (graad 8) en Pieter-Jan Pretorius (graad 11) was deel van die Gauteng-Noord-span wat die nasionale kompetisie gewen het. Mnr. Tobias Lubbe is ook aangewys as die spanbestuurder van hiérdie span!

Fietsry is een van Affies se vinnigsgroeiende sportsoorte en dit het 'n lang pad gekom sedert dit in 2013 'n amptelike sportsoort by die skool geword het. AHS neem jaarliks deel aan die Nasionale Spur-reeks wat van April tot September gehou word. Vier en sestig ryers het die skool vanjaar verteenwoordig by die vier wedrenne in Gauteng-Noord wat by Hoërskool John Voster, Hoërskool Wonderboom, Buffelsdrift asook die Voortrekkermonument, gehou is.

Tydens die prysuitdeling van Gauteng-Noord op 5 September is Affies vir die derde keer aangewys as die beste seunspan (2016, 2018, 2019) asook beste skolespan vir 2019!

# Witswaaie wen Gauteng-finaal

Zander van der Merwe

2019 is werklikwaar 'n jaar vir die geskiedenisboeke wat betref die skool se uitstekende gholf. Nie net het die Witswaaie in Augustus die podium gehaal by die SA Skoletoernooi nie, maar ook in September as wenners by die Gauteng-skoleliga uit die stryd getree. Die finaal van die A-afdeling het by Silverlakes Country Club tussen Boys High en Affies se eerste en tweede spanne plaasgevind. Luhan Bester (graad 12), Tobias de Flaming (graad 11), Zandré Labuschagné (graad 11) en Chrisjan Maas (graad 10) het uiteindelik die beker huis toe gebring.

Die Witswaaie het ook in Oktober in die finaal van die Voorsitterstrofee teen Affies se tweede span te staan gekom en as wenners uit die stryd getree.

By die Spanuitdaag-toernooi in Oktober ('n toernooi sonder matrieks) het ons eerste span gewen en was die tweede span derde. Dertien skole van Pretoria het deelgeneem.

- Vyf uit die agt spelers in die Gauteng-Noord Premier IPT-span – die hoogste provinsiale span - was vanjaar Affies. Hulle is Jacques van Tonder (matriek 2006), Dawid Opperman (2016), Stals Swart (2017), Francois van der Walt (2018) en Chrisjan Maas (tans in graad 10). Die toernooi het van 16 tot 20 September in Nelspruit plaasgevind en die span was vierde.
- Chrisjan Maas was ingesluit in die Suid-Afrikaanse onder 16-gholfspan wat van 3 tot 5 September aan die Reply Italian International by die Biella le Betulle gholfklub in Italië deelgeneem het.



Affies se eerste en tweede spanne gee mekaar behoorlik opdraande! Op die foto bo is Witswaaie Zandré Labuschagne, Tobias de Flaming, Chrisjan Maas en Luhan Bester



Die tweede span – Wiehan van der Walt, Nico Beyers, Michael Louw en David Waschefort

# Atlete woeker in die "af-seisoen"



Foto: Mnr. Billy Brown

Dieter Schubert wys sy slag in diskusgooi tydens die Engelse Interhoër.

Affies het op 14 September die Engelse Interhoër aangebied en het in die A- sowel as die B-afdeling as wenners uit die stryd getree teen skole soos Jeppe High, KES, Parktown Boys', PBHS, St Benedict's, St John's en St David's.

Die atlete het kort daarna hul segetog voortgesit by die Noord-afdeling van die Twizza Superskolereeks by LC de Villiers in Pretoria. Die seuns het besondere veggees getoon en 'n onwaarskynlike oorwinning behaal in 'n kompetisie wat daarop gemik is om die sterkste atletiekskool in die land te vind. Nie minder nie as agt en dertig skole het deelgeneem.

Die span het in Oktober die seunsafdeling van die Elardus Erasmus gedenkbyeenkoms in Mookghophong (Naboomspruit) ingepalm. Hierdie byeenkoms se reëls bepaal dat die top 10 items se punt op die ABSA-tabel bydra tot die span se totaal. Affies se wentotaal het 'n indrukwekkende 1 095 punte gemiddeld per item beloop.

Die Top Dertig Atletiekbyeenkoms in Potchefstroom het aan die einde van Oktober plaasgevind en Affies het ook hiér die septer geswaai. Een en sestig skole en 2 678 atlete het aan hierdie reuse-byeenkoms deelgeneem. Elke span moes deelneem aan vier worpe, vier spronge, vier naellope, vier hekkies, drie middelafstande, twee langafstande en 'n aflos, sowel as aan die beste agt oorblywende items, wat 'n somtotaal van dertig items is. Die seuns se gemiddeld was uiteindelik 'n indrukwekkende 1 018 uit 'n moontlike 1 800 punte.

# Affies se opkomende sokkersterre

Zander van der Merwe

Nie almal is bewus daarvan nie, maar Affies het sy eie, nie-amptelike sokkerspan. Die 101's staan onder leiding van Van-Lee Morris (graad 10). Die span is twee jaar gelede gestig. Hulle het in September vir die tweede keer teen PBHS se o/16A-span gespeel, en het die wedstryd 4-6 verloor. Volgens Van-Lee oefen hulle elke Maandag en Dinsdag en berei hulle hard voor vir toekomstige kragmetings.

